# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 14 Mei 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

# *Kalender*

***14 Mei (Moedersdag)***
***9:00 Erediens en Kinderkerk***
***Prediker:*** *Ds Paullet Grobler*
***Teks:*** *Psalm 107*
***Teebeurt:*** *Wyk B*
***Kategese en Belydenisklas na die diens***
***Poeding te koop by die kombuis***

**15 Mei (18:30):** Kerkraadsvergadering
**17 Mei (9:30):** Bybelstudie
**(18:30):** Bybelskool
**18 Mei (18:30):** Trauma-ondersteuningsgroep
**19 Mei (18:00):** Gemeente Kunsuitstalling en Wegneemetes
**20 Mei (9:00):** Martmarias

## *Gemeente Kunsuitstalling en Wegneemetes 19 Mei*

*Ons hou weer 'n kunsuitstalling. Ons nooi ons gemeente en gemeenskap uit om die aand saam te kuier! Hierdie is 'n saamkuier geleentheid waar ons kunswerke gaan uitstal van die kunstenaars van ons gemeente en gemeenskap. Indien jy ook 'n versteekte kunstalent het, laat weet gerus vir ds Paullet. Ons wil baie graag soveel moontlik kunswerke uitstal sodat die geleentheid besonders sal wees.*

*Ons nooi almal uit om Vrydag die 19de Mei, 'n draai in die saal te kom maak en 'n glasie wyn en 'n eetdingetjie te geniet terwyl jy deur die gallery stap!*

## 18 Mei (18:30)
## Trauma-Ondersteuning
- **Gelei deur dr Johan Loubscher**


Ons almal ervaar trauma op een of ander stadium in ons lewens. Trauma wat oor jou pad kom is ’n gebeurtenis wat ’n mens nie sommer vergeet nie en in die meeste gevalle gaan ’n persoon moet leer om ’n nuwe pad te stap, op ’n nuwe manier te dink en as ‘t ware opnuut leer loop. Dit kan wees as gevolg van siekte, die afsterwe van ‘n geliefde, egskeiding, werksverlies, aftrede of enige ander groot lewensveranderende situasie wat oor jou pad kom.

Die hoeveelheid tyd wat elkeen nodig het om die trauma te verwerk, verskil ook. En soms... Help dit om daaroor te praat en/of te luister na ander mense se ervaring sodat ons weet ons is nie alleen nie.

Ons nooi dus elkeen uit om die eerste van twee geleenthede by te kom woon waar ons ‘n bietjie rondom trauma en rou gaan gesels, verhale gaan deel en mekaar ondersteun**. Laat weet asb ds Grobler (0768411568) as jy wil bywoon.**

## Pinksterreeks
## 21-25 Mei (18:30)
## Intensionele-kerkwees

Ons gesels hierdie Pinkster oor hoe ons kan “*kerk-wees*” in vandag se tyd.
Ons gesels rondom vier doelstellings: *Viering* – Aanbid God
*Gemeenskap* – Om ons naaste lief te hê
*Kommunikasie* – Deel die Evangelie
*Kultivering* – Groei in gelykvormigheid tot Christus



## HEMELVAART DIENSTE - 18 MEI, 2023

- *Radio Kansel : 10h00 - Jacobusstraat 42 Kilnerpark*
- *Riviera Jakaranda - 18h30*
- *Villieria - 19h00*
- *Wonderboom Suid - 18h00*
- *Rietfontein Suid - 18h30*

# Dorkas se Kombuis

DANKIE DANKIE DANKIE vir die 40 pakkies Royco sop wat geskenk is, vir die Zambuk chest rub en Vicks wat al ontvang is, die WOOLWORTHS drasakke wat al maande lank ontvang en bymekaar gemaak word en gebruik is om die week se 36 pakkies in te pak ☺
Die maatskaplike werkster by RHS het my meegedeel dat hulle 'n skenking van naartjies ontvang het, wat vir my daarop dui dat daar 'n bewustheid by die skool gekweek word, noudat die pakkies deur RHS self gepak word.
Ons is baie dankbaar en trots op die inhoud vd pakkies wat uitgedeel is:
1kg rys, 500g macaroni, blikkie ertjies, blikkie mixed curried veggies, 40 rooibostee sakkies, 1kg suiker, 2x7g kerrie poeier sakkies, 2x toiletpapier,1xseep, 1x tandepaste, 2x sanitêre ware en dan.........BESTANDDELE VIR SOP!
Die sop bestanddele is geïnspireer deur 'n pot sop wat my boetie vir my gemaak het met ongeveer dieselfde bestanddele. 1x 500g soup mix, 1x 500g split peas, 2x oxtail and vegetable sop pakkies en 400g soya vir die vleiserigheid in die sop.
ʼn Lekker bederf in die pakkies was 'n Imama cheese sauce pakkie.
Die pakkies is gepak as 3 weke se hulp.
Hvl ml in 500g split peas? 510- +/_ ongeveer 518 ml (afhangende van hvl split peas op die grond beland terwyl jy deel vanuit 'n 5kg sak) ☺
GROOT ASB ons vra steeds vir bydraes van Vicks/ Puma of Zambuk chest rub. Ons wil dit graag teen 31 Mei uitdeel. Checkers het tans specials hierop.

***Mooi loop die week***

**Bankbesonderhede: M Janeke**
**Capitec Bank, Spaarrekening**
**nr. 1651207613**

# Ons mense...

## Verjaarsdae




| | | | |
|---|---|---|---|
| 14/05 | | Jamie | Mostert |
| 15/05 | Me | Celeste | Brown |
| 16/05 | Mnr | Johann | Jordaan |
| 17/05 | Mnr | Gert | Delport |
| 17/05 | Mnr | Danie | Du Plessis |
| 18/05 | Me | Marjone | Enslin |
| 19/05 | Mnr | Marius | Botha |
| 19/05 | Me | Elana | Sadie |
| 20/05 | Mev | Marie | Smith |
| 20/05 | | Leathan | Weideman |

**Bosveld Mix Braaihout**

**NG VILLIERIA verkoop hout - R30 vir 'n 10kg sak.**
**Meer as 10 sakke @ R25 per sak.**
**Kry by hulle kerkkantoor weeksdae van 08.30 tot 12.30.**
**Na 12.30 en naweke kontak Simon 063 596 1076.** ***Verkope is ten bate van CMR***

## Lief en Leed

- Philip van der Westhuizen
- Ronel Rademeyer wat moet gaan vir 'n skouer en knievervanging.
- Esme wat hierdie week 'n voetoperasie gehad het.
- Marius van Niekerk – kanker (familielid van Hennie Smit)
- Cathy du Plessis.

*Gelukkige Moedersdag aan al die spesiale vrouens in ons lewens!*